Verslagwaardig: Ja / Nee
Sirkuleer aan Regters: Ja / Nee

Sirkuleer aan Landdroste: Ja / Nee

# IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(Noord-Kaapse Afdeling)

Hooggeregshof Hersieningsnr: 43/04

Landdros Saaknr: 954/03

Datum gelewer: 2004-03-10

In die hersieningsaak van:

**DIE STAAT**

*versus*

**KAGISHO GILBERT MOOKWA** **BESKULDIGDE**

Coram: MAJIEDT R *et* WILLIAMS R

# UITSPRAAK OP HERSIENING

**MAJIEDT R:**

1. Die beskuldigde is skuldig bevind aan diefstal van 'n selfoon ter waarde van R1750.00. Hy is gevonnis tot 30 maande gevangenisstraf waarvan 10 maande voorwaardelik opgeskort is vir 'n tydperk van 5 jaar.

2. Ek het die volgende navraag gerig aan die landdros:

> "Is die beskuldigde sinvol en volledig ingelig van die regsgevolge indien hy geen getuienis aanbied in sy saak nie?

Sien: **S v Brown en 'n ander** 1996(2) SASV 49 (NK) te 65 f-g."

3. Die landdros het as volg hierop geantwoord:

> "Ek kan nie onthou of die regsgevolge aan die beskuldigde verduidelik was nie. Die oorkonde is ook vaag. Gevolglik is ek nie instaat om die navraag te beantwoord nie."

4. Aan die einde van die Staat se saak was daar 'n redelike sterk *prima facie*-saak teen die beskuldigde uitgemaak dat hy die selfoon gesteel het waarvan hy aangekla is. Die landdros het na afloop van die Staatsaak die volgende verduideliking aan die beskuldigde verskaf:

"Meneer die Staatsaak is nou gesluit. U kan nou u kant van die saak voor die Hof plaas. U kan dit doen deur self te getuig, getuies roep om namens u te getuig. Indien u sou getuig of getuies roep kan die aanklaer vir u en u getuies kruisondervra. U is nie verplig om te getuig nie, u kan swyg. (vervaag)."

5. Ná hierdie kriptiese en duidelik onvoldoende verduideliking het die beskuldigde, ondanks die sterk *prima facie*-bewyse teen hom, sy saak gesluit en is hy sóós verwag kan word, skuldig bevind aan die ten laste gelegde misdryf.

6. Dit is geykte reg dat 'n beskuldigde se stilswye die Staat se saak versterk waar daar direkte getuienis is wat die beskuldigde in die pleging van die misdryf impliseer deurdat sodanige stilswye die Staat se beweringe onbeantwoord laat;

Sien: **S v Mthetwa** 1972(3) SA 766 (A) te 769 D-F; **S v Scholtz** 1996(2) SASV 40 (NK) te 44 e; **S v Zulu & others** 1998(1) SASV 7 (HHA) te 14 d.

7. Aan 'n beskuldigde wat nie regsverteenwoordig is nie moet verduidelik word dat, alhoewel hy 'n grondwetlike reg het om te swyg en daar derhalwe geen nadelige afleiding van sy stilswye gemaak kan word nie, die gevolg van sy stilswye sal wees dat die Staat se *prima facie*-saak teen hom, onweerspreek staan;

Sien: **S v Brown en 'n ander**, *supra*, te 65 f-g.

8. Dit is belangrik dat volledig notule gehou word van die landdros se verduideliking van 'n beskuldigde se regte;

Sien: **R v Scoulides** 1956(2) SA 388(A) te 395-6; **S v Mahooa** 1991(1) SASV 261(T) te 264 i.

*In casu* is die notule onvolledig en kan die landdros nie 'n bydrae lewer tot die aanvulling daarvan nie.

9. In **S v Mahooa**, *supra*, te 265 b-c verklaar Eloff ARP as volg:

"Ek dink nie dit is voldoende om 'n onverdedigde beskuldigde in te

lig dat sy pleitverduideliking of dit wat hy gestel het in kruisondervraging nie bewyswaarde het nie. Selfs in die geval van 'n beskuldigde soos dié wat die saak oor gaan, wat 'n hele paar keer op ander klagtes skuldig bevind is, spel die verduideliking in casu nie in voldoende mate aan hom uit wat die konsekwensies is as hy nie getuienis aanbied nie. Dit is deel van die plig wat die hof het waar 'n beskuldigde sy eie verdediging waarneem, om hom ook in dié verband by te staan deur hom te laat besef dat as hy nie getuig of getuies roep nie, hy 'n goeie kans staan om skuldig bevind te word. Dié element is nie aan die beskuldigde verduidelik nie, en dit moes gewees het. Daarsonder was sy besluit dermate oningelig dat daar nie gesÍ kan word dat die verrigtinge ooreenkomstig die reg is nie."

Ek is die mening toegedaan dat die situasie en slotsom dieselfde is in die onderhawige saak. Voorsittende beamptes het 'n dure plig en verantwoordelikheid om onverteenwoordigde beskuldigdes by te staan.

Sien onder andere: **S v Zimmerie en 'n ander** 1989(3) SA 484 (K); **S v Zulu** 1990(1) SA 655 (T); **S v Amerika** 1990(2) SASV 480 (K) te 484 h; **S v Bulala** 1997(2) SASV 267 (VHC).

10. Op die oorkonde soos dit staan het die landdros gruwelik versuim in sy plig om die beskuldigde behoorlik in te lig

van sy regte. In die afwesigheid van 'n behoorlike aanvuling van die oorkonde is hierdie Hof na my mening genoodsaak om op hersiening die beskuldigde die voordeel van die twyfel te gee. Ek is van mening dat die verrigtinge dermate onreëlmatig is dat bevind kan word dat die verrigtinge nie ooreenkomstig die reg is nie. Sien: **S v Mahooa**, *supra*, te 265 c-d.

11. **Die beskuldigde se skuldigbevinding en vonnis word tersydegestel.**

______________

**SA MAJIEDT**
**REGTER**

**Ek stem saam:**

______________

**CC WILLIAMS**

**REGTER**

----------------------------------------------------------

UITSPRAAK OP HERSIENING : S v Mookwa

Saak nr. : 43/04